

Bly steeds waaksaam terwyl ons bou

Teks: Nehemia 4: 1 - 23

Teksvers: Nehemia 4: 17 - 18

1. Inleiding

Bou of beskerm, bewaar of brei uit. Twee rigtings waarin gewerk word in meeste sake. Bewaar ek dit wat ek het of plaas ek dit in 'n risiko om uitbrei en groter te word. Dit is belangrike besigheidsbeleid waarvoor sakemanne moet besluit. Maar in laaste tyd is dit ook iets waarvoor ons as geloofsgemeenskap moet dink. Ons hoor stemme wat waarsku dat die kerk kleiner word, en indien ons nie radikaal verander nie sal ons tot niet gaan. Maar dan hoor ons ook weer die vermanings om vas te staan in die waarheid.

Wat moet die kerk met geloofkapitaal doen. Moet ons dit waag om die koningryk uit te brei, of net veilig bewaar teen die invloede van dwaalleer? Ons word vanoggend stil voor die woord van die Here uit die boek Nehemia. En dan spesifiek in hoofstuk 4, waar die volk besig is om die stadsmuur om Jerusalem te herstel. Vandag verstaan ons dalk die idee van 'n stadsmuur baie beter as 'n paar generasies terug. Want ons ken ook vandag sekuriteitskomplekse met hoë mure rondom om vyande uit te hou. Oggend Preek

Maar natuurlik hou die vyande niks van hierdie fisiese versperring nie. Ons teksgedeelte begin ook met Sanballat wat woedend is oor die herstel van die stadsmuur. En hierdie woede lei tot konkrete planne om die stad in te syfer en die bouwerk met geweld te stop. En dit is dan uiteindelik die vraag waarvoor die volk ook te staan kom. Moet hulle ophou bou? en eers al die vyandige magte gaan aanval en uitwis. Of moet hulle aanhou bou totdat al die bouers een vir een vermoor is deur die vyand?

2. Met die troffel in een hand

Dit is duidelik uit ons teksvers dat die bouery moet voortgaan. Soos ons ook duidelik in vers 7 sien is Sanballat, Tobia, die Arabiere, die Ammoniete en die Asdodiete vasbeslote om die bouwerk te stop. Maar hoekom is die bouwerk nodig in die eerste plek? Toe die volk weggevoer is in ballingskap na Babel, is die stad Jerusalem verwoes en geplunder. Maar nou dat die volk die geleentheid het om terug te keer na Jerusalem, kan dit herbou word. Twee belangrike bouprojekte word aan ons geopenbaar in Esra en Nehemia. Dit is die tempel en die stadsmuur.

Die tempel was belangrik dat aanbidding kan voortgaan, en die stadsmuur vir sekuriteit dat hierdie aanbidding ongesteurd kan voortgaan. Maar vir die vyande van die volk is dit nie goeie nuus nie. Die ekstra sekuriteit sou hulle plunder en strooptogte moeiliker maak. Daarby is daar iets simboliese aan die herstel van die stadsmuur. Ons sien dan ook vanoggend ook 'n profetiese openbaring in hierdie werk en werkswyse van die herstel van die stadsmuur.

Wanneer ons al hierdie sake in ag neem, is dit van uiterste belang dat die werk aan die stadsmuur voortgaan. Die bose mag nie sy sin kry om die werk te stop nie. Dit is ook waar van ons eie persoonlike lewens. Ons mag nie die bose toelaat om ons te oortuig dat daar later in ons lewens tyd sal wees om ons geloof uit te leef nie. Ons moet dit vandag en elke dag dit alreeds doen, ondanks 'n besige program met baie uitdagings.

Ook in die kerk moet ons nie toelaat dit enige iets ons verhoed om die Woord van die Here te verkondig nie. Ons moet deur middel van woordverkondiging aanhou bou aan die koninkryk van die Here. Ons kan nie toelaat dat ander agenda's en sake in die pad van die uitbreiding van die koninkryk kom staan nie. Ons moet altyd met die troffel in die een hand

Oggend Preek

besig wees om te bou in die koninkryk. Jesus sê immers self in Matteus 6:33 “³³Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”

3. Met die swaard in die ander

Tog is ons teksvers nie klaar by die opdrag om aan te hou bou nie. Nee daar word ook geopenbaar presies hoe hulle moet aanhou bou. Ons som dit op met die gedagte, met die swaard in die ander hand. Die opdrag van die Here is nie soos een of ander kulte opdrag wat almal na 'n gewisse dood hier op aarde stuur nie. Die opdrag om die koninkryk van die Here te bou in hierdie gebroke wêreld word opgesom deur Jesus self in Lukas 10:3 “³Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.”

Ons sien dikwels vandag nog hierdie aanval van die bose teen die kerk van die Here. Die missionale werk, die taak van die uitbreiding van die koninkryk word teenoor die noue gesette vashou aan die opdragte van die Here gestel. Dan hoor 'n mens uitsprake wat sê ons moenie te vreemd van die wêreld aan hierdie spesifieke geloofsaak vashou nie, dra eerder net die evangelie uit. Tog sou dit dieselfde wees, as om onbeskermd met die bouwerk aan die stadsmuur voort te gaan.

Ons moet altyd fokus op die waarheid, op die nougesette gehoorsaamheid aan die opdragte van die Here. God gee aan ons spesifieke maniere om Hom te dien. Wanneer ons in eiewillige Godsdiens verval, oortree ons nie net die tweede gebod nie. Maar ons het ook later nie meer 'n evangelie om te verkondig nie. Daarom is dit so belangrik om gedurig waaksaam te bly teen die aanvalle van die bose. Soos wat die bouers aan die stadsmuur voortdurend ook hulleself moes beskerm terwyl hulle bou, moet ons dit ook vandag dieselfde doen. Soos wat die bouers elkeen 'n fisiese swaard moes vasgord aan sy heupe, net so moet ons ook vandag die swaard van die Gees, dit is die woord van God vasgord aan ons heupe. Ons moet dit doen terwyl steeds ook met die ander hand bou.

4. Die einde is in sig

'n Mens kan maklik vra waarom al hierdie moeite in ons teksgedeelte dan moontlik is. Waarom moet Juda terugkeer na Jerusalem en dit herbou. Kom hulle nie maar eenvoudig deel geword het van Babel wat in elk geval al Persië was. Die profeet Jeremia moedig immers juis die volk aan om die belange van Babel te soek in Jeremia 29. Maar die opdrag is eintlik om te vermeerder en juis nie ingesluk te word deur Babel nie. Want Juda moet terug keer na Jerusalem. En dan moet daar natuurlik 'n Juda oor wees.

Dit is belangrik wat die verlosser moet uit die stam Juda gebore word, nie uit verbasterde Babiloniese familie in Persië nie. Uit die geskiedenis is dit ook baie duidelik dat die Here dit juis so laat gebeur. Hy bewaar en beskerm die volk Juda. Hy bring hulle terug na Jerusalem. Die verlosser ons Here Jesus Christus word gebore in Bethlehem, en bring uiteindelik die finale kruisoffer, in Jerusalem. Van waar ons hierdie gedeelte bestudeer is dit duidelik dat die stadsmuur voltooi is. Ons kan sê eintlik is die einde al vir die mense in ons teksgedeelte in sig.

En alhoewel ons nou in die nuwe testamentiese tydperk na die koms van Jesus Christus lewe, is daar nog baie waaraan ons moet vashou. Daar is nog waarheid wat ons as kerk moet bewaar en beskerm maar ook verkondig. In terme van die opdragte van die Here leer Hebreërs 10:36 ons: “³⁶Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.” Ons moet aanhou bou aan die koningryk, terwyl ons waaksaam bly vir die aanval van die bose, want die einde is in sig.

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n laaste samevatting. Die volk in ons teksgedeelte vanoggend moes die stadsmuur herstel. Maar hulle kon nie net 'n algehele fokus instel op die herstelwerk nie. Hulle was ook verantwoordelik vir die beskerming van die stad. Dit het prakties veroorsaak dat die bouers as ware met die troffel in die een hand en die swaard in die ander gewerk het. Hierdie profetiese

boodskap is ook nog aan ons gerig vandag.

Ons glo en bely dat geen kerklike besluite 'n struikelblok in die pad van die uitdra van die evangelie moet word nie. Maar wanneer ons werklik nugter daaroor nadink, kan geen opdrag van die Here in die pad van Sy evangelie staan nie. Daarom sal dit altyd 'n valse bewering wees, dat nougesette gehoorsaamheid aan die Woord van die Here in die pad van Koningkrykswerk staan. 'n Mens kan selfs so ver gaan as om te vra, aan watter koninkryk word gebou wanneer ons nie nougeset aan die bepalings en opdragte van die Here bou nie.

Die troos vanoggend is egter weer dat ons alles wat nodig is om in waarheid aan die koninkryk van die Here te bou alreeds ontvang het. God het ons so lief dat Hy 'n nuwe wedergebore lewe deur die sterwe en opstanding van Sy eniggebore Seun aan ons skenk. Ons weet dat Hy ook alles anders wat nodig is vir dienswerk in die koninkryk aan ons sal skenk. Die opdrag aan ons vanoggend is steeds dieselfde ou opdrag. "Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe."

Amen